Bib.

120/K

491/90
/mb

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

WILLIAM CONSTANCE ...................... APPELLANT

EN

DIE STAAT ............................... RESPONDENT

CORAM : E M GROSSKOPF AR, KRIEGLER, et HARMS Wnd. ARR

VERHOORDATUM : 16 SEPTEMBER 1991

LEWERINGSDATUM : 27 SEPTEMBER 1991

---

U I T S P R A A K

KRIEGLER Wnd.AR/...

**KRIEGLER Wnd.AR:**

Appellant kom met verlof van die hof *a quo* in hoër beroep teen sy skuldigbevinding aan moord in die Kaapse Provinsiale Afdeling. Daar is ook ŉ spesiale aantekening ingevolge die bepalings van art 317 van die Strafproseswet 1977 gemaak; dié is egter voor ons laat vaar. Die beswaar wat tot die spesiale aantekening aanleiding gegee het, was ongegrond en appellant se advokaat het tereg nie daarin volhard nie.

Die moordklag het vir appellant dit ten laste gelê dat hy op Saterdag 24 September 1988 vir Albert Adams ("die oorledene") met ŉ mes doodgesteek het. Die lyk is die betrokke oggend ongeveer 09h30 uit ŉ huis te Larkweg 50, Bishop Lavis, na die lykhuis vervoer met ŉ steekwond in die rug. By nadoodse ondersoek drie dae later word bevind dat die dood veroorsaak is deur beskadiging van die afgaande aorta waar dit langs die torakale rugstring loop. Blykens die patologiese

getuienis het dit massale bloeding en snelle doodsintrede tot gevolg gehad. Die staatsaak was dat appellant die betrokke oggend vir oorledene doodgesteek het terwyl laasgenoemde op sy maag lê en slaap het op 'n matras in die voorhuis van Larkweg 50. 'n Staatsgetuie genaamd Malone het getuig van die toediening van die messteek. Volgens hom sou hy ten tyde net buite die voordeur van die huis gewees en die voorval aanskou het; appellant het die voorhuis binnegetree, met sy linkerhand 'n lang mes uit sy linkerbroeksak gehaal, langs die slapende oorledene gekniel en hom in die rug gesteek. 'n Tweede staatsgetuie, Marie Hermanus, getuig dat sy vanuit 'n aangrensende slaapkamer vir oorledene 'n kreungeluid hoor uiter het; kort daarna vra sy vir appellant, wat by die hek staan met 'n dolk in sy hand, hoekom hy die oorledene gesteek het. Appellant sê toe dat die oorledene die vorige nag 'n seun van hom beseer het.

ʼn Rukkie later, so getuig mev Hermanus se moeder, Rebecca Van Neels, daag appellant by sy eie huis op, steeds met die dolk in sy hand.

Die drie gemelde staatsgetuies was, blykens die oorkonde, nie besonder indrukwekkend nie. Die verhoorhof het ook geen pertinente bevinding aangaande hul prestasie in die getuiebank gemaak nie. Insgelyks is geen kommentaar gelewer op die indruk wat appellant, sy eggenote en sy dogter in die getuiebank gemaak het nie. Die verhoorhof het, na my mening tereg, eerder gekonsentreer op die relatiewe deugde van die Staat en die verdediging se onderskeie weergawes. Laasgenoemde is verwerp as bo redelike twyfel vals en die gewraakte skuldigbevinding het daarop gevolg.

In hierdie hof is daar toegegee dat appellant se weergawe nie redelik moontlik waar kan wees nie, maar daar is aangevoer dat die skuldigbevinding nietemin ongegrond was. Daar sou, aldus die betoog, ʼn

redelike moontlikheid bestaan dat 'n ander, onskuldige konstruksie op die bewese feite geplaas kan word. In dié verband is beklemtoon dat die tydstip van dood nie pertinent bewys is nie. Ook is daar gewag gemaak van waargenome teenstrydighede tussen Malone se beskrywing van die toediening van die dodelike steekwond en die beskrywing van die wônd deur die staatspatoloog. Voorts is daar gewys op onbevredigende aspekte van die weergawes van Malone, Hermanus en Van Neels. Bygevolg, so is aangevoer, het die Staat nie bewys dat die oorledene nie dalk op 'n vroeëre stadium en selfs moontlik elders doodgesteek is nie. Die klem is laat val op 'n faset van Malone se getuienis toe hy beskryf dat hy die nag gehoor het hoe appellant, 'n seun van hom en oorledene luidkeels in die werf van Larkweg 50 skel totdat daar eensklaps 'n stilte intree. Dit, so is namens appellant in hierdie hof aangevoer, kan redelikerwys daarop dui dat die oorledene op daardie

stadium deur iemand anders as die appellant die dodelike steekwond toegedien is.

Die betoog is nie alleen volslae spekulasie nie maar loënstraf appellant se weergawe. Appellant het naamlik beaam dat hy tussen 7 en 8 vm die betrokke oggend vir Rebecca van Neels by sy huis gesien het. Volgens hom het hy by haar verneem dat sy seun Owen by Larkweg 50 lê en slaap.Hy getuig dat hy toe wel soontoe is, die voorhuis binnegegaan het, 'n man in die voorhuis op die matras op sy maag aan die slaap gevind en by hom gekniel het. Volgens appellant was dit egter nie die oorledene wat daar gelê het nie, maar sy seun Owen, wat hy vrugteloos probeer wakker maak het. Vir oorledene het hy nie met 'n oog gesien nie,ook nie vir Malone nie; vir Marie Hermanus het hy in die ingang na die slaapkamer sien staan toe hy met Owen op die matras doenig was. Volgens hom het hy geen gesprek met haar gevoer en bepaald nie te kenne gegee dat hy oorledene uit

weerwraak verwond het nie. Sodanige weergawe skep vir appellant, soos sy advokaat in hierdie hof toegegee het, onoorkomelike geloofwaardigheidsprobleme. Wat egter belangriker is, is dat dit hom op die spesifieke punt plaas waar die oorledene se lyk kort daarna gevind is en vir Owen en oorledene omruil. Dit is ten ene male onverklaarbaar hoe sy seun Owen, wat deur niemand anders op die toneel waargeneem is nie, en die oorlede omgeruil kon gewees het.

Die noodwendige gevolg is dat appellant se weergawe vir hom verdoemend is. Hy plaas homself op die kritieke stadium op die toneel; sy optrede aldaar, afgesien van die toediening van die steekwond, strook volledig met Malone se beskrywing; hy verstrek ŉ verwerplike rede vir sy teenwoordigheid; hy suggereer geen motief vir die Staatsgetuies om hom valslik te inkrimineer nie en postuleer ŉ omruiling van die oorledene en Owen wat net nie waar kan wees nie.

Bowendien lei die blote feit dat appellant 'n leuenagtige weergawe aanbied tot die afleiding dat hy nie die waarheid durf vertel nie. Daarby aansluitend laat sy weergawe geen ruimte vir die ander konstruksies wat sy advokaat aan die hand gedoen het nie. Hierdie hof, soos die verhoorhof, is aan die getuienis en afleidings daaruit gebonde. Dit is nié vir 'n hof beskore om te reik na spekulatiewe moontlikhede wat geen basis of selfs aanknopingspunte in die getuienis vind nie.

Daar is ook namens appellant aangevoer dat, al sou bevind word dat hy die dodelike messteek toegedien het, daar nie bewys is dat die opset om te dood by hom teenwoordig was nie. Bygevolg, so is aangevoer, moes hy aan strafbare manslag skuldig bevind gewees het en nie aan moord nie. Die betoog deug nie. Op die bewese feite het appellant met 'n lang

dolk ŉ slapende man ŉ diep steekwond in die borskas toegedien. Daar was geen geloofwaardige verduideliking vir sy optrede nie maar, inteendeel, ŉ leuenagtige ontkenning. In die omstandighede is die noodwendige slotsom dat hy die steekwond toegedien het in die wete dat dit dodelik kon wees en ten minste onverskillig oor sodanige gevolg.

Die appèl word afgewys.

J C KRIEGLER
Wnd. APPèLREGTER

E M GROSSKOPF AR )
HARMS WND.AR ) - Stem saam